

Forumartikel vir Die Burger, Saterdag 23 Mei 2009

Deur Prof Russel Botman

Die Universiteit Stellenbosch se onderrigtaamodel waarvolgens parallelmedium-onderrig met ingang 2010 sal geld vir eerstejaarstudie in vier fakulteite – Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Agriwetenskappe en Ingenieurswese -- is 'n poging om 'n verantwoordbare middelgrond te vind wat die studiebehoefes van die huidige en toekomstige studente ten beste sal dien en Afrikaans se plek by die US verseker, skryf Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, in meegaande artikel.

Die veelbesproke onderrigtaamodel van die US is in wese deel van 'n groeimodel vir die Universiteit. Dit is 'n uitvloeisel van wesenlike vrae oor watter soort universiteit die US oor die volgende dekade wil wees. Wat is die uitdagings wat die Universiteit die hoof moet bied om volhoubaar te kan presteer op die gebied van onderrig en leer, navorsing, en sy aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap en samelewing waarin hy funksioneer?

Dit is 'n feit dat die Universiteit hom nie kan isoleer van die sosio-politieke en ekonomiese werklikhede van ons land nie. Die US het hom oor die jare bewys as 'n instansie wat beweeg met die tyd en wat deur 'n proses van kritiese introspeksie en selfvernuwing noodsaaklike veranderinge aan sy strategiese denke en -rigting kan teweegbring. (Die koersaanduidende inhoud van die *Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna* wat in 2000 deur die US Raad aanvaar is, spreek boekdele oor hierdie aanpasbaarheid van die US.) Vandaar ons verbintenis tot die ontwikkelingsagenda van ons land en die kontinent.

In pas met hierdie strewe en ter uitvoering van die mandaat van die *Strategiese Raamwerk* moet die Bestuur deeglik die eise en uitdagings waarmee die Universiteit gekonfronteer word, verreken en op 'n verantwoordelike wyse die hoof bied.

By al die universele uitdagings waarmee universiteite worstel – akademiese uitnemendheid, internasionale mededinging op die gebied van navorsing, en relevante onderrig in 'n globale konteks -- in die aangesig van dalende staatstoekennings en krimpende eksterne befondsing, is daar ook die eiesoortige probleme wat effektief bestuur moet word. Hieronder tel sake soos toeganklikheid, diversiteit, studentesukses en die bydrae wat die US lewer om gelyke geleenthede te bied aan mense wat voorheen van die Universiteit uitgesluit was. Dit is maar enkele fasette van 'n breër selfvernuwingsprogram om te verseker dat die US in alle opsigte die doelwitte bereik wat hy vir homself as 'n 21ste eeuse universiteit in die vooruitsig gestel het.

Midde-in al hierdie uitdagings is daar die kwessie van taal, meer spesifiek taal van onderrig. Anders as by ander tersiêre instansies waar taal eenduidig hanteer word, wil die US nie die pad van verengelsing loop nie. Dit is ons verklaarde strewe om Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal te bevorder in 'n meertalige konteks.

Dit stel besondere uitdagings aan die US want dit spreek vanself dat daar 'n deurlopende spanning bestaan tussen taaleksklusiwiteit en die Universiteit se strewe om toeganklik te wees vir almal wat aan die US wil studeer. Op die terreine van diversiteit en demografiese verteenwoordiging is die US beduidend agter die ander hoër onderwysinstansies in die land en dit is reeds in verslae van owerheidsliggame uitgewys. Die gevaar is dat enige vorm van taaleksklusiwiteit maklik kan oorslaan in meer genuanseerde vorms van ras-eksklusiwiteit. Dit sou indruis teen die US se verbintenis tot 'n inklusiewe kultuur wat verwelkomend is vir almal.

Selfs waar daar sterk steun is vir die onafwendbaarheid van verandering, word dikwels aangedring op "transformasie in Afrikaans" wat beteken dat Stellenbosch wesenlik 'n plek word waar slegs wit en bruin Afrikaanssprekendes kan studeer. Swart Suid-Afrikaners en Indiërs is ook welkom "solank hulle oor die hekkie van Afrikaans kom", alternatiewelik moet hulle bereid wees om Afrikaans aan te leer, of soos dit soms gestel word: "ons moet Afrikaans vir hulle ontsluit".

Dit is 'n uitgangspunt wat nie net mense toegang tot 'n uitnemende Universiteit ontsê nie, maar hou ook nie rekening met belangrike tendense in die sekondêre onderwys en die toekomstige studentemark nie. Sensus gegewens dui daarop dat ons 'n afplating in wit Afrikaanse studentegetalle oor die volgende dekade kan verwag hoofsaaklik as gevolg van 'n laer bevolkingsgroei. Hierdie situasie word gekompliseer deur die feit dat die taalkeuses vir leerders op skool nie meer beperk is tot Afrikaans en Engels nie – en dit het uiteraard implikasies vir die leer en onderrig situasie aan 'n universiteit soos US.

'n Ander faktor is die klein getalle suksesvolle bruin Afrikaanse skoolverlaters. 'n Ontleding van die laaste sensussyfers toon aan dat die Afrikaanse bruin mark veral in die stedelike gebiede om verskeie redes aandui dat hulle 'n voorkeur het vir Engels of meertalig is. Aan die ander kant is die deelname van die bruin Afrikaanssprekendes in die landelike gebiede aan hoër onderwys kommerwekkend laag en dit is 'n feit dat hierdie prentjie nie sonder betekenisvolle inisiatiewe oor die volgende klompie jare sal verbeter nie. (Die US se skolevennootskapsprojek is geskep om onder meer hierdie probleem te ondervang, en oor die volgende paar jaar gaan hierdie inisiatief prioriteit geniet. Daardeur wil ons die onderneming gestand doen dat die US so toeganklik moet wees vir die kind van die plaaswerker, soos wat dit is vir die kind van die plaaseienaar.)

Die meeste kundiges is dit eens dat die verwagting dat Afrikaanssprekende bruinmense, veral uit die landelike gebiede, sal help om die diversiteitsdoelwitte van die US te bereik, vir die afsienbare tyd onhaalbaar is. Die Universiteit se primêre groei oor die volgende tien jaar sal afkomstig wees uit die stedelike bruin studente wat oor 'n goeie beheersing van Afrikaans beskik, maar verkies om in Engels te studeer (vandaar die groter toeloop van stedelike bruin studente na ons Engelse buur-universiteite). Maar taalgewyse moet die US hom rat om in toenemende mate ook aan die studiebehoefte van swart en Indiër studente te voldoen wat nie noodwendig uit huis uit vaardig in Afrikaans is nie. Die uitdaging is dus om onderrigtaal so te bestuur dat voorheen benadeelde groepe nie weer op grond van taal by die US uitgesluit word nie.

Met inagneming van al hierdie realiteite is dit Bestuur se erns om binne die raamwerk van die 2002 Taalbeleid en –Plan 'n onderrigtaalmodel te vind wat die leerbehoefte van ons studente die beste dien, maar wat ook die universiteit in staat stel om sy oorhoofse verpligtinge teenoor die groter Suid-Afrikaanse samelewing na te kom. Die onderrigtaalmodel wat die US Raad goedgekeur het, is nie 'n bloudruk nie. Dit skep die ruimte vir verdere gesprek in 'n poging om 'n verantwoordbare middelgrond te vind wat Afrikaans se leefruimte verseker deur 'n onderrigtaalmodel waar 'n student in Afrikaans of Engels kan kom studeer met blootstelling aan die ander akademiese taal.

Ons uitgangspunt is 'n model wat in die eerste studiejaar parallelmedium-onderrig in groot fakulteite aanbied om studente te help om die kloof tussen skool en universiteit te oorbrug en tegelyktyd die student die geleentheid bied om sleutelbegrippe en kernmateriaal van sy vakgebied in sy eerste taal baas te raak. So word die kans op suksesvolle studie in die eerste studiejaar verhoog.

In die senior studiejare (en hieroor is ons tans in verdere gesprek met die akademiese gemeenskap) kan Afrikaans en Engels as onderrigtaal in verskillende variasies gebruik word op 'n wyse wat doeltreffende leer verseker vir alle studente – ook vir studente wat aanvanklik min of geen kommunikasievaardigheid in Afrikaans het nie. Die spesifieke model sal mede bepaal word deur die eiesoortige aard en behoeftes van die fakulteit of departement. Hieroor gaan ons akademiese leierskap oor die volgende dae met lede van die US Raad oor onderrig-uitdagings in die senior studiejare in gesprek tree. Dit sal die grondslag vorm van die onderrigtaalmodel vir die senior studiejare wat Bestuur met instemming van die Senaat aan die Raad sal voorlê vir oorweging.

Deur hierdie inklusiewe en pragmatiese benadering wil ons 'n onderrigtaalmodel vir die US skep wat verantwoordelik, billik en redelik is teenoor al ons studente. Ons wil daarmee die frustrasie en verwarring oor wat hulle in die klaskamer kan verwag, uitskakel, aan Afrikaans 'n plek in voorgraadse studie verseker, ons hoër verpligtinge as universiteit nakom en 'n meertalige afgestudeerde student lewer wat effektief funksioneer in 'n kompeterende arbeidsmark en 'n diverse samelewing.